REEKS: GOD IS…

KLEINGROEP ONTMOETING 1
God is… ons Rots in elke storm

A: KOFFIE
Elkeen kry ‘n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe was julle dag/week.

B: GEBED
Iemand wat bereid is, kan met ‘n kort gebed open.

C: VIDEO-GREEP
Kyk saam na die volgende 10 min video van Rob Bell: 001 Rain
https://www.youtube.com/watch?v=prVZv2Yq70Y&list=PLZqQAL59YuA1gCIbOPeBQ41knelWqM0FU

D: WANDEL IN DIE WOORD
Vra iemand om die volgende te lees:

Teksgedeelte: Mat 7:24-27
24 Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.
25 Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots.

Nog teksgedeeltes:
Ps 88, Mat 11:28-30, Mark 2:17, Jes 54:10, Deut 1:29-31

E: GESELS SAAM
Maak beurte in die groep om te gesels oor een of meer van die volgende:

1. Deel met mekaar voorbeelde van storm-en-reën-tye in jou lewe.
2. As jy terugkyk na moeilike tye, hoe was God teenwoordig in die storm?
3. Hoe kan ons elke dag prakties op Jesus, ons Rots, bou?
4. Wat staan vir jou in die video-greep uit?
5. Watter nuwe insig het jy nou van God, ons Vader?
6. Hoe kan ons mekaar in storm-en-reën-tye ondersteun?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK
Jou groep besluit self op ‘n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op groei en uitreik.

Voorbeelde: Bid vir spesifieke mense wat deur stormtye gaan. Vat ‘n lekker aandete vir iemand wat deur siekte platgetrek is.
Luister die volgende lied in jou stiltetyd en stuur dit aan om iemand te bemoedig (Retief Burger: In die middel van die storm)
https://www.youtube.com/watch?v=ka6zYgw2IUM

G: GEBED & SAAMKUIER
Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog ‘n bietjie saam ☺